

## STRAATKUNS

# 'n Muur wat mure afbreek

---

NETANJA VAN DER WESTHUIZEN

Vrydag 12 Julie 2013

Straatkuns wat vlak is, gee die openbare kunstenaar Hannelie Coetzee 'n kramp. Netanja van der Westhuizen het gaan dophou hoe Coetzee 'n Johannesburgse muur met verf en 'n hoekslyper takel om iets relevant te skep.



Dis vroegoggend in die middestad van Johannesburg – in Foxstraat in die Maboneng-distrik, om presies te wees.

Die verkeer dreunsuis van oraloor. In dié eenrigtingstraat gesels kinders op pad skool toe, mans en vroue mik na waar die taxi's toet, herwinnaars se trollies kletter in die rigting van die Joe Slovo-brug. Uit Uncle Merv's, 'n wegneemetepiek, borrel jazz en die geur van koffie. Dit alles speel af teen die agtergrond van 'n hoë, wye muur. Elkeen wat wou, het al hier sy merk gelos met spuitverf, verf, bordkryt, selfs filtpenne. Dié muur is miskien net een vinnige kyk werd vir die werk van die bekende graffitikunstenaars Faith47 en Baazik. Tot nou toe.

In haar ateljee oorkant die straat laai Hannelie Coetzee 'n trollie vol verfblikke, rollers en kwaste, 'n emmer met nylontou, ou lappe, 'n hamer, 'n skroewedraaier en spuitverfkannetjies in 'n vyfliter-roomysbak.

Sy balanseer 'n verfbespatte leer bo-op die spulletjie, trek dan haar stewels aan – haar “boerskoene” – en maak 'n poniestert voor sy begin verf meng.

Hannelie is 'n openbare kunstenaar. Haar doek is Johannesburg se mure. Haar medium: herwinde klip en verf en sementlae. Haar gereedskap: tapisseriepatrone en 'n hoekslyper, soms ook verf en spuitverf.

Haar inspirasie: Die stad en sy inwoners, hul stories van lank gelede en van nou.

Hannelie het toestemming gekry om die muur te verander. Sy't reeds 'n plan daarvoor, maar sy noem gou dat dit nie 'n vinnige projek is nie. Dit gaan maande neem.

Dis deel van haar studies in sosiale entrepreneurskap by die Gordon Institute of Business Science (Gibs).

“Ek wil nie irrelevante werk maak nie. My grootste gripe is met werk wat vlak is, veral in 'n openbare ruimte,” sê Hannelie, terwyl sy haar vingers in haar leerhandskoene wriemel.

Sy trek haar trollie oor die straat en begin grondseile met bakstene vaspak.

Hannelie verf 'n gryserige deklaag, maar behou dele van die muur se geskiedenis, soos die sokkerbalafdrukke – 'n onbeplande bydrae van die kinders wat bedags in die straat speel.

Dan begin sy groot en klein sirkels verf – 'n basiese uitleg van verskillende stelsels en hul interaksie met mekaar wat haar inspirasie vir die muur is.

'n Vrou met 'n baba op die rug loer. 'n Man met 'n inkopietrollie vol appels stop vir 'n tydjie. 'n Bestuurder kyk terwyl sy trok lui.

“Dis hoog tyd. Dit gaan nice lyk,” sê hy.

### **Soos pieksels op mure**

Hannelie het haar loopbaan as 'n dokumentêre fotograaf begin. “Toe tref die resessie en ek moes uit die boks begin dink,” sê sy.

Dit was 'n geleentheid om haar kreatiwiteit vrye teuels te gee.

Sy vertel hoe sy graag kuns wou swot. Sy kom uit 'n kreatiewe gesin – haar ma, Kobie, is die skrywer van Handjies uit die mou, 'n handwerkboek vir kinders wat op Hannelie se ateljee-boekrak staan. Uiteindelik het sy egter op fotografie besluit.

Haar eerste straatkunswerke beskryf Hannelie as 'n vertaling van foto's in herwinde klip.

“Dit was soos om pieksels met klip vas te vang,” sê sy.

Sy het spesiale tapisserie-sagteware gebruik om 'n patroon van elke foto te skep, waarna sy met herwinde klip van verskillende kleure dié patroon in mosaïek teen uitgesoekte stadsmure uitgepak het.

Dit was ook vir haar 'n persoonlike reis om haar familie se geskiedenis in die stad na te speur. Daar's Oumagrootjie in Fordsburg. Sy was 'n bywoner in die gebied ná die Anglo-Boereoorlog.

Daar's Ouma Miemie in Commissionerstraat. Sy het as jong vrou graag by die afdelingswinkel Greatermans in dié straat inkopies gedoen.

Vir Oupa Florie – ’n grootkop in die Transvaalse poswese – het sy ’n graveer-kerftegniek ingespan in die Rissikstraat-poskantoor. ’n Tapisseriepatroon het steeds die uitleg verskaf, maar sy het ’n hoekslyper gebruik om die detail te laat uitstaan.

“Dis nie aggressief nie, eerder argeologies om lae af te skraap en by stories uit te kom,” sê sy. Sy verwerk ook uiteindelik dié gekerfde tapisseriepatroon in ’n stensil om ’n meer tradisionele kunswerk op papier te maak – of op aanvraag op ander oppervlakke. “Jy kan tog nie ’n stadsmuur saam met jou huis toe vat nie.”

Sy het ook landskapkuns begin doen. Hannelie neem later vanjaar aan die internasionale landskapkuns-biënnale Site Specific in Plettenbergbaai deel en is gekies om saam met 30 ander Afrika-kunstenaars die Insaka-program in Zambië by te woon.

Sowat ’n jaar gelede het sy begin om haar eie plek in die stad te verken deur skadufigure te skep met haar patrone en hoekslyper.

“Ons het sulke vinnige leefstyle, so jy kyk hulle (die figure) maklik mis. Hulle is amper deel van die weefsel van die stad, sonder om oor te neem,” sê sy.

Op die muur oorkant haar ateljee is daar een van haar gekerfde figure waarmee sy nie heeltemal gelukkig is nie. Hannelie hardloop oor die straat en kom terug met ’n verlengingskoord en haar hoekslyper.

Wydsbeen op die leer, met ’n masker vir die stof en oorpluisies vir die geraas, begin sy die figuur verfyn. Stof warrel in die lug.

Die koord lê oor die pad na haar ateljee. ’n 4x4 het oor die vorige een – ’n kombinasie van korteres – gery en dit gebreek. Sy lag. “Dit gebeur as jy op straat werk.”

### **Amper twee maande later**

Dis Vrydagmiddag in Foxstraat. Toeriste neem foto’s. Skaatsplankryers drentel in die straat. ’n Herwinnaar se goed val van haar trollie af.

Ek en Hannelie drink wegneemkoffie van Uncle Merv’s en kyk na die muur.

Daar’s nou meer lae en kleure. Die sirkels is net-net sigbaar. Die gekerfde figuur – die een waaroor sy bekommerd was – is gekamoefleer en sy’t twee nuwes bygesit.

“Die eerste figuur regs voel-voel aan die muur vir ’n deurgang vir ’n groef, soos die San hul voorvaders in transdans gekontak het. Die tweede een trek die deur oop,” sê sy.

Dié kunswerk het vir háár ’n deur oopgetrek, vertel sy.

“In die begin het ek my oorfone aangehou en net gewerk, maar mense het al meer begin stop en gesels. Party het sommer aan my broek getrek as ek nie dadelik aandag gegee het nie.

“Ek verf en graveer nou baie stadiger. Dis belangrik om eerder te luister na wat hulle wil sê oor die muur, die gebied en die stad, die goeie én slegte dinge.

“Dis wat die muur verder sal laat ontwikkel. Ek besef dat die kunswerk ’n gesprek met my bure begin en die mure tussen ons afbreek. Dis ’n openbare muur wat op neutrale grond deelname verwelkom.”

Ek dink terug aan iets wat Hannelie tydens ons eerste onderhoud gesê het: Haar doel is om die samelewing logies en kreatief deur haar eie ervaring te verstaan; dinge te ondersoek sonder te veel beplanning.

“Die awesome ding van die stad is dat die grittiness lewe het. Ek wil deel wees van daai lewendigheid. Deur die stad so fisiek te graveer en te bevraagteken, stel dit my in staat om eerstehandse ervarings met my toeskouers te deel.

“Dis wanneer die toeskouers hul eie stories met my kom deel dat ek voel ek raak hulle. Dít maak dit relevant.”

...

### **Waar kan 'n mens kyk?**

**Enige tyd:** Die muur is in Foxstraat in die Maboneng-buurt in Jeppestown.

**Toer:** Hannelie bied môre 'n toer aan wat 10:00 begin. Toergangers volg haar in hul motors na Fordsburg en Joubertpark. Ná middagete by die Maboneng-mark word na haar werke in die buurt gestap. Bespreek by [hannelie@hanneliecoetzee.com](mailto:hannelie@hanneliecoetzee.com).

- Netanja is 'n vryskutskrywer. Sy speel graag toeris-toeris in haar eie stad, Johannesburg.

<http://www.beeld.com/bylae/2013-07-12-n-muur-wat-mure-afbreek - article-image-carousel>

